Ps. 107: 1, 20.
" 25: 4, 5.
Ges. 156: 3, 5.

Paulus, 'n Leidsman en Besieling[6] vir sy mede-Christenwerkers.

Kroonstad Oos 6 Okt
Patch 13 Okt 57

~~Kol. 4: 11b.~~ Hand. 12: 29 Kol. 4: 7-14.
Hebr. 12: 1-3.

Leidsmanne! Gee ons leiers, betroubare, toonaangewende, ~~afgevaardige~~ waardige manne en vroue!" Dit is die geroep van ons tyd - die geroep wat opgaan van die miljoene wat op d. aardbol woon! Op alle gebiede v.d. mensl. lewe word sulke leiers gesoek - maar op geen gebied so ernstig en so naarstiglik as op godsd. & geest. gebied. En tog is dit juis op hd. gebied waar sulke leiers so skaars is omdat d. eise v.d. werk en d. verwagtinge v.d. wêreld hier soveel hoër is as op ander terreine.

Daarom is dit so noods. dat ons in d. lewes van groot Xt. leiers gaan soek na die kwaliteite van hulle leierskap, die geheim van hulle krag en die bron wat d/op gewis het - om vir ons te dien as besieling & aansporing om iets van dd. leierskap te ontdek en beoefen.

Daarom wil ons, in ons bespreking van hd. besielende voorbeeld, Paulus agtereenvolgens as leidsman ~~man~~ beoordeel uit die volg. gesigspunte:

I I. Paulus: Die Aard v. sy Leierskap.
II ~~III~~ Paulus: Die ~~Geheim~~ Vrug v. sy Leierskap
III ~~II~~ Paulus: Die Geheim v. sy Leierskap.

I Paulus: Die Aard v. sy Leierskap: In Paulus, die grootste Christenleier v.d. Xt. kerk ~~in een~~ ifd eeste eeu, ontmoet ons 'n man met uitstaande kwaliteite. 'n man met 'n sterk persoonlikheid ~~(en tog nie oorheersend)~~, 'n man met geweldige ~~inis~~ dryfkrag - nie, 'n man wat self ~~& tog nie~~ 'n baie totstand gebring het ~~(en tog nooit ongekopflik alleen gemaak het nie)~~ Sy leierskap word veral gekenmerk deur 3 kwaliteite wat d. aard daarvan so treffend a.d. lig bring:

(1) Selfverloënend: Baie mense het groot dinge totstand gebring deur d. werk wat ander mense vir hulle gedoen het. By Paulus was dit net andersom: Alles wat hy van ander vermag het, het hy self ook gedoen – of bewys dat hy gewillig was om dit te doen. Nooit het hy h/s gespaar of teruggekom nie: of dit 'n tent was wat hy moes maak het of 'n moeilike geestelike taak wat hy verrig het – in alles was hy d. offervaardige, d. dienende: getrou a.d. ideaal van 'n Meester wat gesê het: „Die wat groot wil wees onder julle moet word soos een wat dien".

(2) Samewerkend: Maar selfverloëning alleen maak nog nie 'n leier nie: dit het Paulus ook bewys deur d. besond. genade wat hy ontvang het om nooit alleen te werk as hy met ander kon saamwerk nie. Keer op keer skryf hy van sy „medewerkers" in die evangelie (Rom. 16:2 Aquilla & Priscilla, Urbanus (9), Timotheus (21) en talle ander Aristarchus & Markus & Lukas (Kol 4). Op elke sendingreis neem hy een of meer reisgenote saam (1e nie Barnabas, 2e nie Silas, 3e nie Lukas). Kyk net na d. lang lys van name in Rom. 16 en Kol. 4 + 2 Tim 4 deur hom genoem as bewys van sy uitmuntende pers. belangstelling in medeArbeiders & hulle lotgevalle, sy ontdekking & ontwikkeling van elke moontlike werkkrag deur hulle aktief te laat saamwerk!

(3) Selfvernietigend: Maar P. het nie net prägtig saamgewerk nie – hy het ook opgetree as 'n man van onverskrokke daad. durf & moed, onwrikbare geloof, onmoontlike moontlik Paulus was 'n man wat d. onmoontlike moontlik gemaak het. Dink maar net a.d. ongelooflike omvang van sy arbeid, sy geskrifte, sy evang. reise – program oor baie lande! En dit met 'n liggaam verswak deur mishandeling & vervolging blootgestel aan siekte, ontbering & dood! En tog kon niks hom keer nie – nie omdat hy hardkoppig & eiesinnig sy eie pad gegaan het nie, maar omdat hy was geglo en d/v geleef het: „In al hd. dinge is ons meer as oorwinnaars". Is dit 'n wonder dat hy so kon lei en bevel? →

So.S. →

III P: Die Geheim van sy leierskap: Wat was dit? Was dit omdat hy 'n briljante intellek gehad het, so 'n ontembare gees, so 'n fenomenale werkkrag? Of het hd. dinge eers bruikbaar geword deur 'n dieper geheim van verborge kragte wat sy lewe gedomineer het? Antwd:

(1) Algehele gehoorsaamhd a.d. gesag v. sy Leidsman: Van d. oomblik v. P. se bekering op d. Dam.-pad het Xt. Jesus 'n totale gesag oor hd. groot leier se lewe begin uitoefen wat deurgeloop het tot d. dag v sy dood. Onvoorwaardelik, onmiddellik, onbewus was sy onderworpenheid aan d. gesag v God oor sy lewe. Allesoorheersend was hd. gesag van Xtus, sy opperste noodsaak Leidsman. // Toe Paulus op sy 2e sendingreis d. ~~opdrag~~ ontvang v.d. gesig v.d. Maced. man, gehoorsaam hy onmiddellik. „Ek leef nie meer nie, maar — Is dit 'n wonder dat P. so 'n gesag kon uitoefen dat hy gedurig skrywe: „Ek vermaan julle"; „Ek beveel" (2 Tim. 2:1 ens.) – nie sy eie gesag nie, maar d. gesag v. Xt. wat ~~daar~~ hom 'n man van gesag maak.

(2) Algehele toewyding aan sy lewensroeping: Tweede geheim: 'n man met een allesoorheersende ideaal; een stuwende middel: my lewe in diens v. Gods koninkryk! Hd. toewyding sy hele denke, sy prediking, sy geskrifte, sy arbeid gerig, gewoon & lekkers. In so 'n man se hart was daar geen plek vir min. Alles leerdeldheid wat d. mens se optrede verlam. Alles dienbaar gemaak aan Gods ryk! Hd man se lewenstroom het net een koers geken: d. hooflyn!

(3) Algehele ~~vertroue~~ gebondenheid ~~aan~~ Hoor sy medewerkers.

III Paulus: Die Vrug van sy Leierskap: Na 20 eeue [byna]
kyk ons terug. Twintig eeue - byna 2000 jaar. Watter
beter toets is daar vir 'n mens se lewe en leierskap as
die tyd? Wat was d. vrug van Paulus se leierskap?

(1) In d. lewe v. sy medewerkers: 'n lang Groot se
besieling het van hom uitgegaan - 'n besieling wat
sy medewerkers opgevoer het tot ongekende hoogtes
van gebed, van geloof, van getuienis. Hy elkeen van
hulle het d. lewe 'n nuwe ewigheidsbetekenis
gekry. Aan Paulus verbind met 'n diep en kragtige
lojaliteit - & deur hom aan Xtus!

(2) In d. lewe v. die Kerk: Wie kan bereken wat
d. uitwerking v. Paulus se leierskap was vir d. Kerk.
v. G? Wie kan bepaal hoe ver sy invloed deur die eeue
gegaan het - & nog sal gaan?

(3) In sy eie lewe: Hoe groter sy verantwoord., hoe
hoër sy visie, hoe meer uitgelewer tot G, hoe
nader aan sy Heer geleef, & hoe dieper afhanklik
van JX. - hoe meer 'n dienskneg, 'n slaaf v. sy
Koning!

→ Dringende behoefte aan sulke leiers in Godskoninkryk
→ Groot se gekenthd vir ons Kerkjeugv. om sulke
leiers te kweek vir ons werk, maar veral vir d. hele
Kerk. Diep ontrig v.d. daring. Noodsd om baie meer
aandag te gee aan hd. sy v. ons vorming se werk:
Die vorming & toerusting v. vrywillige jeugkragte van jaar
tot jaar om die te bewaar wat opgeneem word ifa
ander afdelings v. ons Kerk se werk. Ons moet onthou:
as iemand op d. jeugakker geoom is tot ware Xtenleier
dan word hy/sy dit ook op elke ander akker v.d. Kerk
se werk - sending, evangelisasie, susterswerk, Kerkraad!
Ons ons heerlike roeping om sulke leidsmanne te
help vorm! Mag die lewe v. Paulus baie van
ons besiel om sulke leiers te word en te bly
omdat Xtus self ons hoogste & enigste leidsman is!